DIE ERFENISSTIGTING SE BETROKKENHEID BY GROOT TREK-VERWANTE ERFENISHULPBRONNE

Voortrekkermonument, Pretoria

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Die naderende 100ste herdenking van die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 het Afrikanernasionalisme in 1938 soos nog nooit tevore nie, laat opvlam. Ongeëwenaarde moeite is gedoen om ‘n waardige monument op te rig om hierdie oorwinning te gedenk en volkstrots tot ongekende hoogtes te voer. Dokumentasie en beskrywings van die Monument, asook dié van die Simboliese Ossewatrek en ander gepaardgaande gebeure in dié jaar, is reeds grondig deurtrap en die afgelope 75 jaar deur verskeie dissiplines ontleed. Daar sal dus nie verder hieroor uitgebrei word nie en word met dié gedagte volstaan: Die grootsheid van die herdenking, wat die landswye simboliese ossewatrek en die hoeksteenlegging van die Monument ingesluit het, opgevolg deur die onthulling van die Monument in 1949[1] en die verskeie volksfeeste en herdenkings op die terrein van historiese mylpale wat deur die jare bereik is, word steeds vandag in internasionale artikels en publikasies bespreek wat veral oor identeit, Afrikanernasionalisme en apartheid handel.

Bestuur en eienaarskap

In aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing het die Beheerraad wat vir die bestuur van die VTM verantwoordelik was,[2] besef dat stappe gedoen sou moes word om ten minste die voortbestaan van hierdie Afrikanerkleinood te verseker. Die terrein rondom die VTM is in 1992 tot natuurreservaat verklaar[3] en ‘n jaar later is besluit om ‘n artikel 21-maatskappy te stig wat as die Voortrekkermonument en Natuurreservaat bekend geword het.[4] Op 18 November 1993 aanvaar die Beheerraad die skenking van die VTM en die terrein waarop dit is, soos deur die Staat aangebied.[5] Die Monument is in daardie stadium deur plaaslike en internasionale politici, joernaliste en akademici geteiken as die versinnebeelding van alles wat na 1994 as polities verkeerd bestempel is, nl. Afrikanernasionalisme, apartheid en blanke onderdrukking en is daar in vele gevalle sake uitgemaak vir die vernietiging of dan heraanwending en interpretasie van hierdie monument.[6]

---

[1] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde* (Johannesburg, 1975), pp. 50-70; P.H. Kapp *in* M. Swart (red.), *Afrikanerbakens* (Johannesburg, 1989), pp. 170-172.
[2] Beheerraad van die Voortrekkermonument, Reglement, 1951, pp. 1-3.
[3] Transvaalse Provinsiale Administrasie, Staatskoerant No 4839, Administrateurskennisgewing 270, Natuurbewaringsordonnansie (Nr 12 van 1983). Verklaring van die Voortrekkermonument-natuurreservaat, 1992-06-24.
[4] Akte van oprigting van ‘n maatskappy sonder aandelekapitaal, Artikel 54(1); regulasie 17(1) en 17(3), 1973, p. 1.
[5] Voortrekkermonument liasseerstelsel (hierna VTML), lêer 1/2/7/1/1, Notule van ‘n vergadering van die Direksie van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat, 1993-11-18, p. 2.
[6] C. Kruger, *Heritage Resource Management in South Africa, A case study of the Voortrekker Monument Heritage Site, Pretoria,* MA thesis, University of Pretoria, 2002, pp. 83-91.

In 1999 het die Direksie van die VTM besef dat drastiese pogings aangewend moes word om die relevansie van die VTM binne die konteks van ‘n nuwe demokratiese Suid-Afrika te vestig. Daar is reeds met die beplanning van die 50ste herdenking aanbeveel dat die President van die staat genooi sou kon word om die fees op 16 Desember by te woon en ‘n feesrede te lewer.[7]

‘n Apatie onder Suid-Afrikaners, maar veral Afrikaners, teenoor hulle historiese erfenis in die algemeen, het ‘n direkte invloed op die besoekersgetalle gehad en die VTM het in werklikheid op alle vlakke ondergang in die gesig gestaar. Gefokusde bemarking en kommunikasie moes die Monument depolitiseer, nuwe kontekste daaraan verleen en dit vir alle Suid-Afrikaners nie net fisies nie, maar ook geestelik en emosioneel toeganklik te maak. Hierdie ‘versoenende’ benadering het uiteraard nie ewe gemaklik by alle Afrikaners inslag gevind nie en ook op hierdie vlak moes die nuwe strategie verduidelik en verdedig word. Die uitnodiging aan mnr Mandela in 2002 om tydens die onthulling van die Danie Theron-beeld by Fort Schanskop op die terrein van die VTM ‘n boodskap te lewer, het tot verdere onmin gelei en sommige groepe het die gebaar as ‘n growwe skending van die Afrikaner se identiteit beskou, terwyl ander Mandela se erkenning van die Boere se vryheidstryd tydens die Anglo-Boereoorlog, as ‘n eer bestempel het.[8]

‘n Nuwe bestuur met ‘n sterk bemarkings- en vakkundige aanslag het in 2000 begin met die reuse taak. Die suksesse wat reeds binne die eerste jaar bereik is, het landswyd aandag getrek en daar het as’t ware onder Afrikaners ‘n ontwaking van die belangrikheid van die bewaring van hulle eie erfenis ontstaan. Daar is ook besluit om aansoek te doen om die terrein as ‘n Naionale Graad 1-erfenisterrein te laat verklaar ingevolge Wet 25 van 1999. Die aansoek is in 2006 by SAEHA ingedien.[9]

Hoewel bewusmakingsprosesse en bemarking nooit voltooid is nie, was die verklaring van die VTM in 2011 as ‘n Nasionale Graad I-erfenisterrein[10] waarlik die kroon op twaalf jaar se harde werk[11] en tog ‘n aanduiding van veranderde persepsies by die owerhede.

Toenemende klagtes landswyd oor die agteruitgang van monumente, grafte, historiese geboue en so meer, het intussen die VTM-bestuur bereik.[12] Dit was eendersyds bemoedigend om waar te neem hoe Afrikaners weer die trots op hulle geskiedenis en hulle identiteit herwin, soos in tasbare monumente vergestalt, maar andersyds was die besef ontmoedigend dat hulpbronne vir die fisiese bewaring daarvan, ook onder eie geledere, moeilik bekombaar was en steeds bly.

---

[7] VTML, lêer 1/2/7/1/1, Notule van ‘n Direksievergadering, 1999-02-23.
[8] T. du Plessis, Nie net ANC-seine is verwarrend nie, dis kortsigtig om Mandela af te jak, *Rapport*, 2002-03-03, p. 16; Anoniem, Mandela loop hom vas met onthulling van Danie Theron-beeld, *Die Afrikaner*, 2002-03-07, pp. 1, 2, 11.
[9] C. Kruger, *The Voortrekker Monument, Pretoria, National Heritage Site nomination form,* 2006-07-18.
[10] Wet op Nasionale Erfenishulpbrone, Wet 25 van 1999, p.19.
[11] Staatskoerant nr 34421 GK 549, Verklaring van die Voortrekkermonument as Graad I-Nasionale Erfenisterrein.
[12] VTML lêer 1/2/7/1/1, Skriftelike mededeling, C. Kruger aan G. Opperman, 2000-05-17, p. 4.

Die verskuiwing van verantwoordelikheid vanaf ‘n nasionalistiese regering wat in die meeste gevalle instrumenteel was in die oprig van hierdie monumente en hulle dan ook gefinansier het, na ‘n regering wat die burgerlike samelewing aanmoedig om self verantwoordelikheid vir die instandhouding te aanvaar, was klaarblyklik ‘n moeilike konsep om te begryp.[13] Die vestiging van hierdie konsep onder gemeenskappe blyk uiteindelik een van die grootste uitdagings vir die ES te wees.

Bloedriviermonument, Dundee

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Bloedrivier is ‘n erfenisterrein wat met een van die Afrikaner se belangrikste historiese gebeurtenisse verband hou. Daarom is dit bykans vanselfsprekend dat daar vroeg reeds oorweeg is om een of ander gedenkteken op hierdie terrein op te rig. Dit was ook een van die terreine wat in 1931 deur die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) geïdentifiseer is vir die moontlike oprigting van die nasionale Voortrekkermonument.[14]

Die Slag van Bloedrivier het op 16 Desember 1838 tussen die Zulu-magte van koning Dingane en die Voortrekkerkommando o.l.v. Andries Pretorius op die walle van die Ncome-rivier in KwaZulu-Natal plaasgevind. Die oorwinning is deur die Voortrekkerkommando van 464 mans, 120 gekerstende Zulu’s en agterryers teen ‘n oormag van tussen 8 000 en 10 000 Zulu’s o.l.v. Ndlela en Dambuza behaal.[15]

Dit was een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis en vryheidstrewe van die Afrikaner – militêr en godsdienstig – en sou lei tot die bou van die Voortrekkermonument waarvan die hoeksteen 100 jaar later op 16 Desember 1938 gelê is. Soos wat aanvanklik van 9-15 Desember 1838 in ‘n Gelofte aan God onderneem is, word jaarliks op verskeie plekke landswyd Geloftefeeste gehou om die oorwinning wat die Trekkers oor die Zulu’s behaal het, te gedenk.[16]

Kultuurhistories is dié Slag van Bloedrivier die kulminasie van die Groot Trek. Die terrein waarop dit plaasgevind het, die herdenking van die Gelofte oor die afgelope bykans twee eeue en die gedenktekens wat landswyd opgerig is, veral met die eeufeesherdenking (landswyd is nagenoeg 400 gedenktekens van een of ander formaat opgerig)[17] van kardinale betekenis veral vir die Afrikaner. Volgens Scholtz was die Groot Trek meer as net ‘n onafhanklikheidsbeweging. Dit was ‘n kultuurbotsing wat tot die Afrikanerdom se behoud van sy taal en kultuur gelei het.[18]

---

[13] Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, aanhef.
[14] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde*, pp. 185.
[15] B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 37.
[16] Persoonlike mededeling: Mev. E. Pretorius, Senior navorser, Erfenisstigting, 2012-12-18.
[17] V. Heunis, *Monumente en gedenktekens opgerig tydens die Simboliese Ossewatrek en die Voortrekker Eeufees, 1938*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2008, pp.
[18] F. van Jaarsveld, Die Groot Trek in die historiese bewussyn van die Afrikaners, *in* J.S. Bergh, *Herdenkingsjaar 1988* (Pretoria, 1989), p. 104.

Eienaarskap van die terrein

Die slagveld is geleë op ‘n gedeelte van die plaas Vechtkop, tussen die huidige Vryheid en Dundee, wat in 1894 deur Karel Pieter de Jager, seun van Johannes Wilhelmus de Jager, Voortrekker en eerste eienaar van die plaas, gekoop is. [19]

Die Gelofte en die Slag by Bloedrivier, 16 Desember 1838, het sóveel betekenis ingehou, dat daar reeds in ŉ vroeë stadium beplan is om ŉ monument op die terrein van die slagveld op te rig.[20]

Naas die klipstapel wat in 1866 gepak is op die plek waar die walaer sou gestaan het, het uiteindelik ŉ reeks van drie monumente verrys, die een in die plek of ter aanvulling van die vorige.

Die Gelofte is eers tydens die 1880’s werklik op die terrein gehuldig en tydens die vyftigste gedenkdag, 1888, is ŉ groot fees op die terrein gehou. Die gedagte het toe ontstaan om ŉ blywende monument op die plek op te rig. ŉ Komitee is benoem en daar is begin om geld in te samel.[21]

Die plaas is in 1917 aan die Nederduits-Hervormde of Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika verkoop en in die jaar is die *Bloedrivier Herdenking Dorpgenootschap Beperk* gestig om ‘n dorp op die Kerkgrond aan te lê. Etlike erwe is selfs verkoop. In Februarie 1920 is die gedagte laat vaar en besluit dat die grond ‘n nasionale erfstuk sal bly. Intussen het verskeie Bloedrivier Eeufeeskomitees die Kerk ondersteun en feeste gereël.[22]

In 1928, negentig jaar na die slag, is ŉ besondere fees gehou waartydens weer ŉ komitee saamgestel is om fondse vir ŉ monument in te samel. In die 1930’s het die komitee hom daarvoor beywer om ŉ Voortrekkermonument op Bloedrivier op te rig, maar die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) het egter op Pretoria besluit en dié Komitee het hulle volle samewerking vir die SVK gegee, veral met die 1938-Eeufeesvieringe.[23]

ŉ Besluit om nog ŉ monument by Bloedrivier op te rig, het op sy beurt steun en ook geldelike bystand van die SVK ontvang. Coert Steynberg se granietwa-ontwerp is aanvaar en die hoeksteen is op 16 Desember 1938 deur ds. Paul Nel gelê. Dit was een van die hoogtepunte van die Eeufeesjaar. Na die onthulling van die Steynberg-monument neem die *Sinodale Bloedrivier Kommissie* amptelik in Oktober 1949 namens die Kerk beheer oor die terrein oor. [24]

---

[19] VTML, lêer 7/6/4/3, Eiendomme van die VTM, Regsaangeleenthede, Plaas Vechtkop, vol . 1, Akte van Transport, 375/1894, onderverdeling van Vechtkop nr. 168, Utrecht, Natal.
[20] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde,* p. 185.
[21] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde*, p. 187.
[22] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde*, pp. 192-193.
[23] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde,* p. 194.
[24] O.J.O. Ferreira, *‘n Volk se hulde,* pp. 216-217.

Op 8 September 1967 is dié slagveld ingevolge Goewermentskennisgewing no. 1403 tot historiese monument verklaar.[25] In dié tyd het ŉ beweging ontstaan om die slagvelde van Suid-Afrika te restoureer. Daar sou gepoog word om die veldslae, gebaseer op beskikbare bronne, so getrou moontlik voor te stel. Bloedrivier is as die eerste projek aangepak en R800 000 is hoofsaaklik deur die gryse dr. S. H. Pellissier ingesamel.

Daar is besluit om ŉ lewensgetroue voorstelling van die walaer van 1838 te probeer gee. Die ontwerp van Kobus Esterhuizen is gekies: 64 verbronste ysterwaens is in ŉ halfsirkel om die 1866-klipstapel opgestel. Die klipstapel is sover moontlik gesuiwer van klippe en bakstene wat later daarop gegooi is. Die kakebeenwaens met veghekke in posisie, sweepstokke en lanterns is so realisties moontlik herskep. Die Coert Steynberg-monument moes hoër op na die ingang van die terrein verskuif word. Die inwyding het op 16 Desember 1971 plaasgevind.[26]

In die 1990's versoek die NG Kerk van Natal die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) om die eienaarskap van die Bloedrivier-geloftefeesterrein oor te neem en, ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet, kom die *Stigting vir die Bloedriviergelofteterrein* tot stand, met rolspelers soos die FAK, Afrikanerbond, Nasionale Vroueraad, Afrikaner Volkswag, Federasie van Rapportryerbewegings, Junior Rapportryers, die Suid-Afrikaanse Onderwysunie en die Voortrekkers. Die FAK het die sekretariaat hanteer.[27]

Die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg het die terrein van 1993 tot 1998 bestuur en 'n subsidie van R140 000 van die Staat daarvoor ontvang. Dit was slegs genoeg om bestaande fasiliteite in stand te hou. Die Staat, en daarmee ook die Voortrekkermuseum, het hom in 1998 formeel aan die terrein onttrek en sy finansiële bydrae beëindig.[28]

Die *Stigting vir Bloedriviergelofteterrein* moes toe die volle verantwoordelikheid vir die terrein aanvaar. As 'n oorgangsmaatreël is die terrein verhuur en in Januarie 2000 het die Stigting die volle beheer en bestuur oorgeneem. Die visie van die Stigting was die ontwikkeling en ontginning van die potensiaal, sodat die terrein finansieel onafhanklik en volhoubaar as 'n Afrikanererfenis bedryf kon word.

'n Bestuurs-egpaar is in 2000 aangestel en was verantwoordelik vir die bestuur en bedryf van die Smouswa-winkel en Trekkerkombuis, asook die instandhouding van die terrein, oornagkamers en woonwapark. Die Stigting het toenemend bestuursprobleme ondervind, wat ook kostes laat oploop het en die druk verhoog om 'n alternatiewe bestuursoplossing te vind. Die 'besetting' van die terrein deur die ver-regse organisasie die Dogter van Sion in 2002 is 'n voorbeeld van die ekstremistiese optredes, veral by die Bloedrivierterrein, wat onnodige energie en kostes verg en was een van die laaste uitdagings wat die Stigting moes bestuur.

[25] O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde,* p. 220.
[26] F.J. du Toit Spies, *in* M. Swart, *Afrikanerbakens,* p. 238.
[27] O.J.O. Ferreira, *FAK-75, Geskiedenis van die derde kwarteeu in die bestaan van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, 1979-2004* (Pretoria, 2004), pp. 71-72.
[28] O.J.O. Ferreira, *FAK-75,* pp. 72-73.

Volgens die Notule van die VTM Direksievergadering van 21 Maart 2002 sou hulle vir ‘n hofbevel in die verband moes aansoek doen.[29]

Die terrein is op 29 Oktober 2002 van die *Stigting vir die Bloedriviergelofteterrein* na die Voortrekkermonument oorgedra nadat die VTM sedert 1 April 2002 die uitvoerende aanspreeklikheid daarvoor aanvaar het,[30] met die missie “Bloedrivier is ‘n besondere Afrikanererfenis en alles binne vermoë moes gedoen word om dit vir die nageslag te bewaar.”

Volgens die statute van hierdie instansie kon die terrein slegs aan ‘n nie-winsgewende kultuurorganisasie oorgedra word en die VTM het nie net aan hierdie vereiste voldoen nie, maar was die mees voor die hand liggende keuse.[31]

Die oorname van die bestuur van dié terrein deur die VTM het ook nie sonder stampe of stote gebeur nie. Gegewe die emotiewe aard van die gebeure rondom Bloedrivier en die wyduiteenlopende standpunte wat akademici oor die jare m.b.t. die Gelofte en die Slag gehuldig het, asook die verpolitisering van die gevolge van die slag, het gemoedere onder die plaaslike gemeenskap (wat hoofsaaklik uit die Geloftefeeskomitee en hulle vriende en famlie bestaan) opgevlam. Die VTM se herposisioneringspogings in Gauteng was nie binne die raamwerk van die konserwatiewe gemeenskap in Noord-Natal aanvaarbaar nie en die teëstand was groot.[32]

Samewerking het verbeter namate die VTM sy bona fides ‘bewys’ het en fondse in die opknapping en opgradering van die terrein belê het en die gemeenskap agtergekom het dat die VTM-bestuur nie die terrein aan die staat sou onderwerp nie.

Die museumuitstalling, wat uit ‘n aantal panele en enkele voorwerpe bestaan, is kort hierna voltooi.[33]

Die Geloftefeeskomitee, bestaande uit verteenwoordigers van die nabygeleë dorpe, VTM-amptenare, asook individue wat deur die VTM gekoöpteer is, se mandaat is beperk tot die reël en aanbied van die jaarlikse Geloftefees.[34]

Hoewel dit sedert die oorname van die terrein ‘n voorkeur-*scenario* was om Bloedrivier binne twee jaar onafhanklik van die VTM te bestuur en te bedryf, het hierdie *scenario* tot

[29] VTML lêer nr. 7/6/4/3, Hooggeregshof van Suid-Afrika, Natalse Provinsiale Afdeling, Pietermaritzburg, I.S. Dogter van Sion, Uitsettingsbevel, 2002-03-26; Skriftelike mededeling: Mnr H.C. de Wet, HUB van die FAK, aan I. de Meyers, Inspekteur van die SAPD, kennisname van die oorname van die Voortrekkermonument as eienaar, asook van die uitsettingsbevel van die Dogter van Sion, 2002-04-06.
[30] VTML lêer nr. 1/2/7/1/1, Notule van Direksievergadering, 2002-03-21, p. 2; O.J.O. Ferreira, *FAK-75*, p. 73.
[31] VTML lêer nr. 8/6/1, Koopkontrak, Memorandum van ooreenkoms tussen die Stigting vir die Bloedriviergelofteterrein en die Voortrekkermonument en Natuurreservaat, 2002-03-15.
[32] Persoonlike mededeling: G. Opperman, Besturende Direkteur, Erfenisstigting, 2013-01-15.
[33] VTML lêer nr. 7/6/8, Eiendomme van die VTM, Erfenisbewaring en navorsing: Terrein, vol. 1, Skriftelike mededeling: C. Kruger, Adjunk Hoof Uitvoerende Beampte, VTM, aan C. van der Westhuizen, Uitstalontwerper. Aanvaarding van kwotasie vir uitstalling, 2002-09-05.
[34] VTML lêer nr. 7/6/4/3, Opdrag en mandaat van die Bloedriviergeloftefees herdenkingskomitee, 2002-04-23.

hede nog nie gerealiseer nie en bly die terrein steeds ‘n finansiële las vir die VTM. Dit is veral die afgeleë ligging van die erfenisterrein en die moeilike toegang wat besoekersgetalle en die meegaande inkomste afdwing.[35]

Die VTM handaaf goeie verhoudings met die bestuur van die Voortrekker-/Umsunduzi-museum in Pietermaritzburg wat in beheer is van die Ncome Zulu-museum wat aan die oorkant van die Ncomerivier teen ‘n koste van bykans R70M opgerig is.[36] Die planne om ‘n versoeningsbrug oor die rivier op te rig, is reeds in 1999 deur die destyde Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie geloods en is, soos te wagte kan wees, met bykans gewelddadige teenkanting deur die Bloedriviergemeenskap begroet. Die projek is in 2010/ 2011 met hernieude energie deur die Departement Kuns en Kultuur aangepak en die kompleks en brug sou in Desember 2012 voltooi gewees het.[37] Dit is later na Februarie 2013 uitgestel. Die grootste uitdagings rondom hierdie verwikkelinge is tans die sekuriteit van die twee terreine, asook die beheer van die toegang en invordering van toegangsgeld. Die Ncome-museumkompleks word ten volle deur die staat befonds, terwyl die Bloedrivierenfenisterrein geen subsidie of staatstoekenning ontvang nie.[38]

Sedert 2003 tot 2013 het personeel van die VTM en die ES, op die Raad van die Voortrekker-/Umsunduzi-museum gedien en het volle insae in die bestuur van beide hierdie museum en die Ncome-museumkompleks by Bloedrivier.[39]

Met die afskeiding van die ES van die VTM in 2011, het die beheer van dié terrein weer ten volle na die VTM teruggeval en het die ES afstand gedoen van die beheer van een van die Afrikaner se belangrikste kultuurhistoriese bakens.

Retiefklip, Kerkenberg

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Die Retiefklip-erfenisterrein te Kerkenberg in die Oos-Vrystaat naby die huidige Harrismith, is op gedeelte twee van die plaas Aberdeen nr 245 geleë en bestaan uit die klip waarop Deborah Retief haar vader se naam in 1837 geskryf het.[40]

Toenemende ontevredenheid met die Britse Regering en talle grensoorloë het ‘n groot aantal Oos-Kaapse grensboere laat besluit om van 1834 af uit die Kaapkolonie die binneland in te

[35] Skriftelike mededeling: Mnr. D. Grobler, Bestuurder, Bloedrivier Erfenisterrein, 2012-12-19. Besoekerstatistieke vir 2002/03 was 11 766 en vir die 2011/12 boekjaar 11 500. Die tydperk tussenin het getalle, ten spyte van verskeie bemarkingsaksies, nie noemenswaardig gestyg nie.
[36] VTML, lêer nr. 7/6/9, Eiendomme van die VTM, Bloedrivier Herdenkingskomiteevergaderings: Notule van die Algemene Jaarvergadering, 2004-02-14.
[37] Msunduzi Museum, Minutes of the Council meeting, Msunduzi Boardroom, 2012-08-08; Memorandum, Department of Public Works, Project: Ncome Museum phase 2: WCS 047358, Progress Report, 2012-08-23.
[38] Persoonlike mededeling: Mev. E. Judson, Museumbestuurder, VTM, 2012-12-16.
[39] ESA, lêer nr 9/1/2/2, Skriftelike mededeling: Me C. Kruger, Hoof Vakkundige Beampte aan mnr P. Mashatile, Minister van die Departement Kuns en Kultuur. Acceptance of appointment as member of the council of the Voortrekker Museum, Pietermaritzburg, 2011-07-27.
[40] ESA, lêer nr. 9/7/5/6, Akte van Transport, T 026375 / 2003.

trek. Die Voortrekkerleier Piet Retief en sy trekgeselskap vertrek in Februarie 1837 uit die Kaapkolonie.[41] Hy ontmoet die trekke van Uys, Potgieter en Maritz in die omgewing van Thaba Nchu en word daar op 17 April 1837 as Goewerneur van die Voortrekkers ingesweer.[42]

Hierna word die trek voortgesit van Thaba Nchu oor die huidige Senekal tot hulle in Oktober 1837 in die omgewing van die huidige Kerkenbergterrein vertoef, terwyl Retief en ‘n paar manne op sy eerste besoek na Natal vertrek om grondonderhandelinge met Dingane aan te knoop. Die res van sy geselskap staan op Kerkenberg oor en wag vir nuus oor sy onderhandelinge.[43] Erasmus Smit meld dat hulle op 21 Oktober 1837 by Kerkenberg uitgespan het.[44] Op 13 November 1837 om tienuur die oggend het die geselskap Kerkenberg met 23 waens verlaat en drie uur lank suid-oos op die rand van die Drakensberg getrek. Op 14 November het hulle die hele dag lank teen die berg afgetrek en sou die volgende paar weke op verskeie plekke uitkamp, soos by Bloukrans.[45]

Retief se dogter, Debora, skryf op 12 November 1837 (haar vader se 57ste verjaardag) sy naam en verjaardagdatum met groen olieverf op ‘n oorhangende rots.[46] Dit is een van die min tasbare oorblyfsels op enige van die Trekroetes en dus ‘n belangrike stawing van historiese gegewens m.b.t. hierdie Europese migrasie na die binneland.

Debora Jacoba Retief (1815-1900) was die oudste kind van Pieter en Magdalena Johanna Retief. Na die dood van haar eerste twee mans, is sy in 1843 met M.W. Pretorius (Swart Martiens) getroud, ‘n broerskind van Andries Pretorius.[47] Hulle vestig hulle in 1848 op die plaas Welgegund (later Pelindaba) naby Pretoria. Debora se oudste seun, Henning Petrus Nicolaas, was die eerste kommandant van die ZAR Staatsartillerie en ook bekend as ‘Skote Petoors’. Gedeelte een van die plaas Aberdeen 245 is dus van besondere kultuurhistoriese belang vir die Afrikaner wat hom met die Groot Trek se geskiedenis kan identifiseer.

Bestuur en eienaarskap

Van die vroegste beskikbare inligting oor die terrein is dat dit in 1934 as ‘n ‘Monument’ verklaar is, in terme van artikel 8 van Wet 4 van 1934. In 1937 is die terrein opgemeet om die verklaring as historiese monument te finaliseer en in 1939 is dit deur die Historiese Monumentekommissie (HMK) geproklameer. Dit was nadat toestemming verkry is van die eienaar van die plaas, mnr E.T. van den Bosch. Gedeelte twee van die plaas is in ‘n erflating bemaak aan die families wat sedert die 1940’s Geloftefees daar herdenk.[48]

[41] J. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845* (Pretoria, 2011), p. 415.
[42] M. Hugo, *Piet Retief* (Johannesburg, 1961), p. 74.
[43] H.F. Schoon (ed), *The Diary of Erasmus Smit* (Cape Town, 1972), p. 65.
[44] H.F. Schoon (ed), *The Diary of Erasmus Smit* (1972), p. 60.
[45] J.C. Pretorius (red.), *Op Trek; die daaglikse lewe tydens die Groot Trek* (Pretoria, 1988), p. 18.
[46] H.F. Schoon (ed), *The Diary of Erasmus Smit* (1972), p. 65.
[47] C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV* (Pretoria, 1981), p. 524.
[48] Persoonlike mededeling: Mnr. Dirk van Reenen, Kerkenberg Geloftefeeskomiteelid, 2011-09-17.

Die goewermentskennisgewing wat hiermee verband hou, is in 1996 deur ‘n regstellende goewermentskennisgewing vervang.[49]

In 1944 het die NG Kerk van die Oranje-Vrystaat (OVS) versoek dat die terrein aan die Kerk oorgedra word weens die noue band wat die kerk met die terrein het, omdat een van die destydse jongste gemeentes in die OVS, Kerkenberg heet en op grond van die godsdienstige konnotasies. Teen 1953 was die kerk die wettige eienaar.[50] In 1993 is dit ingevolge Wet 28 van 1969 tot ‘n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar, maar in terme van Wet 25 van 1999, die Nasionale Erfenishulpbronwet, sou hierdie monument as Provinsiale Graad 2-erfenisterrein verklaar word.[51]

Die Retiefklip was die eerste terrein wat in 2002 deur die NG Kerk van die OVS aan die Voortrekkermonument oorgedra is.[52] Oënskynlike aanvanklike verwarring tussen die transportakte van dié terrein en dié van die naburige Geloftefeesterrein (waarop sekere families reeds sedert die 1940’s kamp en nou reeds verskeie strukture daar opgerig het), het daartoe aanleiding gegee dat gedeeltes 1 en 2 van die plaas Aberdeen in die naam van die Voortrekkermonument geregistreer is.[53]

Na die oordrag was daar aanvanklik ‘n “onrustigheid” onder die lede van die Retiefklip Geloftefeeskomitee en hulle het hulle besware skriftelik aan die HUB, genl. Gert Opperman, oorgedra. Hulle was veral besorg oor die toekoms van hulle verblyfreg en hulle persoonlike eiendomme wat deur die meer as 56 jaar op die feesterrein opgerig is en juis in die naam van die Kerk was, sodat dit nie vervreem kon word nie. Volgens hulle sou gedeelte twee, wat dan ook as die Geloftefeesterrein bekend staan, geen erfeniswaarde hê nie en juis nie van hulle vervreem mag word nie. Hulle het ook beswaar aangeteken teen die feit dat die ES die klein groepie se reg op die grond bevraagteken en dat daar volgens hulle “… alle onderhandelinge met u organisasie agter ons rug en sonder ons kennis gedoen is…” [54]

Gemoedere het oor die jare gekalmeer, maar die komitee sou steeds graag die gedeelte van die grond waarop hulle feesterrein en die eiendomme geleë is, wou terugneem. As gevolg van die feit dat die VTM (en nou die ES) vir die terreine verantwoordelik is, het die VTM versoek dat die feeskomitee planne vir nuwe strukture eers aan die VTM moet voorlê, aangesien die pad na die Retiefklip verby die Geloftefeesterrein lei en dit die eerste indruk is wat die besoeker van die terrein kry. Riglyne is ook in die verband opgestel en in ‘n Grondwet vervat.[55]

[49] VTML, lêer nr. VTM 7/7/2, Algemene korrespondensie, eiendomme van die VTM, Kerkenberg, vol 1. Dr J.J. Bruwer, Voorlegging aan die HUB van die Voortrekkermonument, 2001-10-18.
[50] ESA, lêer nr 9/7/5/6, Akte van Transport, 1926/1953, 1953-02-17.
[51] Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, p. 19.
[52] ESA, lêer nr. 9/7/5/6, Akte van Transport, T 026375 / 2003.
[53] VTML, lêer nr. 7/7/2, Algemene korrespondensie, Eiendomme van die VTM, Kerkenberg, vol 1. Akte van Transport, 2002-11-25.
[54] ESA, lêer nr. 9/7/5/6, Skriftelike mededeling: Mnr. Dirk van Reenen, Voorsitter Kerkenberg Geloftefeeskomitee aan G. Opperman, HUB van die VTM, 2002-10-28.
[55] ESA, lêer nr. 9/7/5/6, Grondwet van die Retiefklip Geloftefeesterrein, Kerkenberg.

Die grootste uitdaging rondom die Kerkenbergterrein is die instandhouding van die toegangspad daarheen. Goeie samewerking tussen die VTM en lede van die Geloftefeeskomitee word te alle tye gehandhaaf, aangesien die komitee dikwels met instandhoudingsaksies behulpsaam is. Na die skeiding van die VTM en die ES in 2011, is in 2012 besluit om hierdie terrein van die VTM af na die ES oor te dra, gegewe laasgenoemde se vermoë om afgeleë terreine landswyd te bestuur.[56]

Die Kaalvoetvrou

Agtergrondgeskiedenis en Kultuurhistoriese betekenis

Die standbeeld van die Kaalvoetvrou is ongeveer twaalf km van die Retiefklip af geleë en staan aan die bokant van die Retiefpas op die plaas Scheepershoek van mnr. J.H. Prinsloo naby Kerkenberg.[57] Dit gedenk die 'opstand' van Voortrekkervroue teen Britse regering in Natal in 1842.

Die Boererepubliek van Natal het in 1840 tot stand gekom. Op 15 Julie 1842 onderteken die Volksraad egter 'n deklarasie van onderwerping aan die gesag van die Britse koningin. 'n Gedeelte van die Natalse burgers het dit so aanvaar, maar na urelange onderhandelings met kol. Henry Cloete, het dit geblyk dat Brittanje nie net in die kuslyn belangstel nie. Die mans het die situasie geredelik aanvaar, maar nie die vroue van Pietermaritzburg nie. O.l.v. mev Susanna Smit, vrou van eerwaarde Erasmus Smit (geestelike leier van die trek) en suster van Gert Maritz, het 'n afvaardiging vroue bykans drie uur lank met die kolonel onderhandel. Hulle het hom meegedeel dat hulle die reg het om oor die toekoms van hulle land te praat, aangesien hulle net soveel aandeel in die veldslae en ontberinge as die mans gehad het. Hy is ook vertel van die bittere lyding en beproewinge van die trekpad. Die gesprek is afgesluit met 'n waarskuwing wat dié Afrikaner-gebore offisier van die Britse mag ontstel het: "Ons loop liewer kaalvoet terug oor die Drakensberg as om onder Britse juk te buig."[58]

Die standbeeld is 'n belangrike landmerk van een van die min bekende historiese terreine wat met die Groot Trek en die tragiese geskiedenis van die trekkerleier Piet Retief geassosoieer word. Daar het 66 waens teen hierdie roete die berg afgetrek.[59]

Bestuur en eienaarskap

Die Voortrekkerbeweging van die Oranje-Vrystaat het in 1977 'n lewensgrootte beeld van 'n kaalvoet-Voortrekkervrou laat maak en hier laat oprig. Die beeld is op 12 Oktober 1977 deur mnr Fanie Maree, toe eienaar van die plaas, onthul.[60]

[56] ESA, lêer nr. 9/7/5/6, Memorandum van Skenkingsooreenkoms aangegaan deur en tussen die Voortrekkermonument en Natuurreservaat en die Erfenisstigting.
[57] VTML, lêer nr. 7/7/2. Algemene korrespondensie, Eiendomme van die VTM, Kerkenberg, vol 1. Skriftelike verslag: J.S. du Plessis, Beheer Paaie Superintendent, Paaie Departement, Bethlehem, 1983-06-03.
[58] M. van Heerden *in* M. Swart, *Afrikanerbakens*, p. 258
[59] F.A. Steytler, Die oortog oor die Drakensberg, *Die Huisgenoot*, 1938-12, p. 91.
[60] M. van Heerden *in* M Swart, *Afrikanerbakens*, p. 258.

Die standbeeld beeld die moed en die daadkrag van die Voortrekkers uit, maar veral die onverskrokkenheid en deursttingsvermoe van die vroue tydens die Groot Trek.

In 2002 het die Voortrekkers van die Vrystaat die versorging van die beeld en die terrein aan die VTM oorgedra.[61] Die grond waarop die terrein geleë is, is NIE oorgedra nie.[62] Met die besluit in 2012 om die Kerkenbergterrein aan die ES oor te dra, is die versorging van die beeld ook deur die VTM aan die ES toevertrou.

Beide die Retiefklip- en Kaalvoetvrouterrein is uiters afgeleë en uiters sensitief en die bestuur daarvan verg waarskynlik die minste insette van al die VTM se terreine. Uitgawes vir die instandhouding en bewaring, veral by die Kaalvoetvrou, is minimaal.

Bloukransmonument, Estcourt

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Die monument is buite Estcourt naby die Chieveley-stasie in KwaZulu-Natal geleë en gedenk die tragiese gebeure van Vrydag 17 Februarie 1838 toe die Voortrekkers, wat langs die Boesmansrivier uitgekamp het terwyl hulle op Retief en sy gevolg gewag het, onverwags deur Zulu's oorval en bykans uitgewis is.

Op die Vrydag het Dingane se impi's op die niksvermoedende Trekkers op die oewers van die sytakke van die Boesmansrivier toegeslaan. Dit was direk na die moord op Retief en die Trekkers het gewag op die uitkoms van sy besoek aan Dingane. Ongeveer 40 mans, 56 vroue, 185 kinders en 530 bediendes en veewagters is vermoor. Een van die mans wat hier dood is, was George Biggar, die seun van die Britse setlaar Alexander Biggar wat ook aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het. Hele gesinne soos die Liebenbergs, Bezuidenhouts, Prinsloos en Bothmas is uitgemoor.[63] Die geskiedenis vertel ook van verskeie heldedade wat hier verrig is – ons dink o.a. aan Marthinus Oosthuyse en Theresa Viglione[64] wat albei op die fries in die Voortrekkermonument uitgebeeld word, en Rachel (Mooirivier) Thoka[65] wat almal op unieke wyse hulle lewens op die spel geplaas het om dié van ander te red. Van die kleinvee, beeste en besittings wat hier deur die Zulu's verwyder is, sou in Desember, na die slag van Bloedrivier in die afgebrande kraal van Dingane, Umgungundhlovu, deur Andries Pretorius se kommando gevind word.[66]

Die terrein bevat'n monument, die graf van Gert Maritz en verskeie ander historiese bakens wat later opgerig is. Die monument is van besondere kultuurhistoriese betekenis vir die

[61] ESA lêer nr. 9/7/5/7, Kaalvoetvrou, Kerkenberg , Skenkingsooreenkoms, Vrystaatse Voortrekkers en VTM, 2002-12-20
[62] M. van Heerden *in* M Swart, *Afrikanerbakens*. p.258
[63] P.H. Kapp *in* M Swart, *Afrikanerbakens,* p.236.
[64] S. Teart-Peddle, *Die Voortrekkermonument, besoekershandleiding en aandenking*, pp. 29 en 31.
[65] R Postma, 'n gewese slavin, *Huisgenoot*, 1935-03-29; IMB Thoka, The story of Rachel Mooirivier Thoka, unpublished manuscript, 2008.
[66] B.J. Liebenberg, *Andries Pretorius in Natal*, p. 42.

Afrikaner op grond van die gebeure wat hier herdenk word. Dit is een van die oudste Voortrekkermonumente en is in 1895 opgerig.

Gert Maritz, een van die Voortrekkerleiers in Natal, is na ‘n siekbed op 23 September 1838 oorlede. Hy was die laaste oorlewende leier in Natal en na sy dood het Andries Pretorius die leisels oorgeneem. In 1895 is sy oorskot by Bloukrans herbegrawe.[67] Die monument is in dieselfde jaar deur kmdt.genl. Piet Joubert onthul.

Bestuur en eienaarskap

In dieselfde jaar is die grond waarop die gebeure plaasgevind het deur die eienaar, J.M. Hattingh, aan die NG Kerk van Natal geskenk en in 1931 het hy ook die naasliggende feesterrein vir godsdienstige doeleindes aan die Kerk geskenk.[68] In 1937 is dit tot ’n historiese gedenkwaardigheid verklaar. [69]

Die oorskot van verskeie families wat in totaliteit uitgewis is, soos vroeër genoem, is onder die hoeksteen van die monument herbegrawe.

Teen die einde van 2002 het die NG Kerk se sinode van KwaZulu-Natal die Erfenisstigting genader oor die toekomstige bewaring van die Voortrekkermonument en die graf van Gerrit Maritz te Bloukrans naby Weenen.[70]

Na onderhandelings met die Kerk, is die plaaslike gemeenskap te Ladysmith geraadpleeg en is eenparig besluit dat die eiendom en die verantwoordelikheid vir die bewaring van die strukture na die Erfenisstigting oorgedra moet word.[71]

By nadere ondersoek het dit egter geblyk dat die provinsiale bewaringsowerheid, AMAFA aKwazulu Natale, die een hektaar grond waarop die monument fisies geleë is (T 398/1898), versorg[72] en die verantwoordelikheid vir die omliggende gedeelte is aan die ES oorgedra.[73] Op die terrein is o.a. ‘n 1949-Rapportyerklipstapel en ander strukture geleë. Hierdie gebied beslaan tien hektaar en word jaarliks deur die ES se tegniese span besoek en skoongemaak. ‘n Bewaringsbestuursplan is voltooi waarin die verwydering van die onooglike murasies op die terrein aanbeveel word.[74] Hiervoor moet ‘n permitaansoek by AMAFA ingedien word.

---

[67] W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I (Kaapstad, 1976), p. 535.
[68] ESA, lêer nr. 9/7/6/2, Eiendomme, Bloukransmonument, Regsdokumente, Transportakte, 1931-08-21.
[69] P.H. Kapp *in* M Swart, *Afrikanerbakens*, p. 236.
[70] ESA, lêer nr 9/7/6/2, Eiendomme, Bloukransmonument Regsdokumente, E-pos mededeling: Ds Ben van Dyk, NG Kerk van Natal, 2004-06-01.
[71] Anoniem, Erfenisstigting neem Bloukrans-feesterrein oor, *Vryheid Herald*, 2004-06-11; ESA, lêer nr. 9/7/6/2, Eiendomme, Bloukransmonument Regsdokumente, Transportakte T 54685/2006.
[72] ESA, lêer nr. 9/7/6/1, vol 1, Bloukransmonument, Navrae en Korrespondensie, Skriftelike mededeling: J. van Vuuren, Hoof Ondersteuningsdiense, AMAFA, 2004-02-10.
[73] ESA, lêer nr. 9/7/6/2, Eiendomme, Bloukransmonument Regsdokumente, Landmeter-generaal, kaart, 1930-09.
[74] ESA, lêer nr. 9/7/6/3, Bloukransmonument, Bewaringsbestuursplanne en verslae, R. Mulder, Bloukrans Bewaringsbestuursplan, 2012-11-13.

Bloukransmonument is een van die min terreine waar onderlinge twis, politieke verskille en gemeenskapsbetrokkenheid nie werklik ‘n saakmakende rol in die bewaring van die terrein speel nie, hoofsaaklik omdat min mense in die omgewing hulleself met die Gelofte vereenselwig.[75] Benewens die mindere vandalisme van padtekens, die rol van die natuur, die onvermoë van AMAFA om tot besluitneming oor te gaan en die uitbreiding van informele nedersettings in die onmiddellike omgewing, is die bestuursuitdagings op hierdie terrein relatief min.

Die Erfenisstigting het reeds in 2012 begin voelers uitsteek na plaaslike toeroperateurs om die moontlikheid van etlike Groot Trek-roetes in die omgewing te ondersoek, waarvan hierdie monument ‘n besoekpunt sal uitmaak.[76]

Louis Trichardt Gedenktuin

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Die Louis Trichardt Gedenktuin is in Avenida Josina Machel[77] in die sentrale stadsgebied van Maputo, Mosambiek geleë, op die terrein van die ou begraafplaas waar die grafte van die Voortrekkerleier Louis Tregardt, sy vrou Martha en agtien lede van sy trekgeselskap was.

Tregardt (1783 - 1838) en sy geselskap het nog voor die georganiseerde Groot Trek reeds in 1835 van die Kaapkolonie tot aan die suidelike oewers van die Oranje- (Gariep-) rivier getrek. Hy het blykbaar al voor sy vertrek uit die Kolonie besluit om nie Natal toe te trek nie, maar na die Portugese kus – en spesifiek na Delagoabaai (Maputo). Hy ontmoet ‘n ander Trekkerleier, Hans van Rensburg, in 1836 en hulle trek vir ‘n tyd saam tot waar hulle paaie in die Soutpansberg skei.[78]

Tregardt kom op 13 April 1838 na vele ontberinge in Delagoabaai aan waar hulle uiteindelik hulle waens by ‘n groot vyeboom uitspan. Meer as die helfte van sy geselskap het toe reeds aan malaria omgekom. Dit was hulle laaste uitspanning en hier het hulle nege waens (46 blankes en sewe bediendes van die aanvanklike ongeveer 100 siele) tot Junie 1839 verspreid gestaan. Nadat Tregardt se vrou Martha en verskeie ander aan malaria sterf, besef Tregardt dat hy nie oor land sou kon terugtrek nie en stuur ‘n brief na die Trekkers in Port Natal (Durban) om ‘n skip na Delagoabaai te stuur om hulle te kom haal. Hy sterf egter op 25 Oktober 1838, nege maande voordat die *Mazeppa* Delagoabaai bereik. Die 25 oorlewende Voortrekkers en drie bediendes kom op 19 Julie 1839 in Port Natal aan waar hulle by ander Voortrekkers aansluit.[79]

[75] ESA lêer nr 9/7/6/2, Eiendomme, Bloukransmonument Regsdokumente, Skriftelike mededeling: T.G. Corver, Posbus 1680, Harrismith, 9880, 2005-05.
[76] Persoonlike mededeling: Me. R. Mulder, ES Bewaringsbeampte, 2012-12-19.
[77] E. Judson, *Louis Trichardt Gedenktuin, Avenida Josina Machel*, bemarkingsbrosjure, 2010.
[78] P.J. van der Merwe *in* M. Swart, *Afrikanerbakens*, p. 254.
[79] P.J. van der Merwe *in* M. Swart, *Afrikanerbakens*, p. 254.

Tregardt was die enigste Voortrekkerleier wat ‘n dagboek van sy trek nagelaat het en in 1917 gee Gustav S. Preller *Die Dagboek van Louis Trichardt* uit. Dit dien as uiters belangrike bron vir studie oor die alledaagse lewe tydens die Groot Trek.[80]

Bestuur en eienaarskap

Dit was die bekende historikus, dr. W.J.H. Punt, se lewensroeping om Tregardt se trekroete van Zoutpansberg na Delagoabaai en die ligging van die Tregardt-begraafplaas in Maputo vas te stel. Hy bepaal die presiese plek van die grafte in 1944 en sy bevindinge word in 1949 deur die Historiese Monumentekommissie aanvaar.[81] Sy werk kulmineer in 1952 in sy doktorale proefskrif *Louis Trichardt se laaste skof.* Die Genootskap Louis Trichardt (GLT), wat hom ten doel stel om fondse vir die bou van ‘n gedenktuin in te samel, word in 1952 onder sy leiding gestig en verskeie kultuur- en ander instansies het tot die projek bygedra. In 1955 begin onderhandelinge vir die aankoop van die terrein en die kultuurvereniging, Volk en Verdediging, onder genl.maj. R. Hiemstra neem die projek oor.[82]

Punt se droom is op 12 Oktober 1968 bewaarheid toe die Trichardt Gedenktuin amptelik op luisterryke wyse deur minister Jan de Klerk geopen is. Die gedenktuin wat uit verskeie elemente bestaan, is deur Johan de Ridder ontwerp en is ‘n tasbare getuienis van die Afrikaner se waardering en bewondering vir die moed wat hierdie pioniers aan die dag gelê het.[83]

Sedert 2002 het die GLT die ES verskeie kere genader om die bestuur van die terrein oor te neem, maar het telkens onderling verskil oor die wyse waarop dit gedoen moes word.[84] Uiteindelik is die ES weer in 2008 genader en bestuurslede van die ES het die bestuur van die Genootskap oorgeneem, wat terselfdertyd die verantwoordeliheid vir die bewaring van die gedenktuin geïmpliseer het.[85] Die gewysigde Algemene Reglement van die GLT is in 2009 deur die nuwe bestuur onderteken.[86]

Hoewel die Genootskap veronderstel is om ‘n geringe jaarlikse subsidie van die Staat vir die onderhoud van die Tuin te ontvang, het etlike jare verloop sonder dat die uitbetalings gedoen is. Met die betrokkenheid van die ES is druk op owerhede uitgeoefen en uitbetalings word

[80] W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (I), p. 840
[81] W.J. de Kock, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (I), p. 840.
[82] P.J. van der Merwe *in* M. Swart, *Afrikanerbakens,* p. 254.
[83] P.J. van der Merwe *in* M. Swart, *Afrikanerbakens,* p. 255.
[84] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, Skriftelike mededelings: Kobus Trichardt, Sekretaris, Genootskap Louis Trichardt, 2005-07-26; 2005-11-25.
[85] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, Genootskap Louis Trichardt, Notule van ‘n spesiale Algemene Jaarvergadering, 2008-10-30.
[86] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, Algemene Reglement van die Genootskap Louis Trichardt, 2009-05-25.

meer gereeld gemaak.[87] Verskeie goedgesinde maatskappye dra nie net tot die onderhoud by nie, maar hou ook toesig en aanvaar self verantwoordelikheid vir sekere onderhoudstake.[88]

Sedert 2010 is verskeie kapitale projekte onderneem, waaronder die restourasie van die mosaïekwerk deur die firma *Mosaicarts*, Pretoria[89] en die herstel van o.m. die plaveisel deur die ES self.[90] Die ES het 'n toerismebrosjure in Portugees laat vertaal en die terrein word wyd onder toeroperateurs bemark.

Die grootste bestuursuitdagings aangaande hierdie terrein, is die feit dat dit nie op Suid-Afrikaanse grond geleë is nie en dat die Transportakte nie in die ES se besit is nie.[91] Dit is ook nie so eenvoudig is om jaarlikse onderhoudswerk daar te verrig nie. Individue by maatskappye kom en gaan en die goedgesindheid van dié maatskappye hang dikwels van sodanige individue af.

Terwyl daar in die 1970's tydens die Mosambiekse bevrydingstryd, volgens oorlewering opdrag gegee is om nie hierdie terrein te beskadig nie, is die goedgesindheid van vreemde owerhede altyd 'n onderliggende bekommernis. Die ES is nie die eienaar van die eiendom nie en die situasie sou uiters netelig kon word, sou die plaaslike owerhede in Maputo die terrein vir enige ander doeleindes wou aanwend.

Karel Landman-monument, Alexandria

Agtergrondgeskiedenis en kultuurhistoriese betekenis

Die jongste toevoeging van Groot Trek-monumente tot die ES se eiendomme, is hierdie monument in die Oos-Kaap in die omgewing van Port Elizabeth. Die Karel Landman-monument ter ere van dié Voortrekkerleier is op die plaas De Kol-rant, in die skilderagtige Olifantshoek, geleë.[92]

Karel Pieter Landman is op 5 Maart 1796 in die distrik Uitenhage gebore. Hy bou sy boerderybedrywighede uit, maar as gevolg van swaar verliese wat hy in die Sesde Grensoorlog ly, word hy verplig om sy plaas te verlaat. Toe die eerste Olifantshoekers vroeg in 1836 trek, het hy agtergebly, maar het teen die einde van Oktober 1837 met 39 gesinne na

[87] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, E-pos van genl. G. Opperman, nuwe Voorsitter van die GLT aan me R. Stander, amptenaar van die Departement Kuns en Kultuur re agterstallige staatstoekenning van ongeveer R30 000 vir die 2008/2009-finansiële jaar, 2008-11-04.
[88] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, E-pos van mnr Pieter van Niekerk, Vriend van die Erfenisstigting aan genl. G. Opperman, waarin hy die kontakbesonderhede van mnr. T. Nel, besturende direkteur van die maatskappy Compania Industria da Matola (CIM) verskaf, wat bereid is om met die gedenktuin-inisiatief van hulp te wees, 2009-01-06.; E-pos van genl. G. Opperman waarin administratiewe, onderhouds-, herstel- en bewaringstake gelys word, 2009-06-21.
[89] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, Navrae en Korrespondensie, Kwotasie vir die restourasie van die mosaïekkaart, 2010-09-20; Notule van die tweede Algemene Jaarvergadering, 2011-05-30.
[90] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, Navrae en korrespondensie, kwotasie vir herstelwerk, 2012-02-17.
[91] ESA, lêer nr. 9/9/5/1 vol. 1, Louis Trichardt Gedenktuin, Maputo, Skriftelike mededeling: Mnr Kobus Trichardt, sekretaris, Genootskap Louis Trichardt, 2008-10-09.
[92] A.J.P. Opperman *in* M. Swart, *Afrikanerbakens,* p. 66.

Natal vertrek. Hy het hom naby die mond van die Umgenirivier by Port Natal gevestig en ‘n leidende rol in die vroeëre geskiedenis van Natal gespeel. Landman was tweede in bevel onder Andries Pretorius met die Slag by Bloedrivier. Later was hy ‘n gekose lid en voorsitter van die Volksraad en ook landdros van Pietermaritzburg. Na die Britse besetting van Natalia het hy hom in die binneland van Natal op die plaas Uithoek by Kliprivier gaan vestig, waar hy, die laaste Voortrekkerleier,[93] op 2 April 1875 oorlede en begrawe is.[94]

Bestuur en eienaarskap

Die gedagte aan so ‘n plaaslike monument is op 2 September 1938 tydens die herdenkingsjaar van die Slag van Bloedrivier geopper, aangesien die distrik immers as Olifantshoek, ‘n wyk van Uitenhage, die grootste trekgeselskap onder Karel Landman opgelewer het. Mnr. J.A. Scheepers, ‘n agterkleinseun van Christiaan, die jongste broer van die Trekleier Karel Landman, het die terrein vir ‘n monument geskenk. Die gedagte was eers om ‘n ruwe steen op ‘n geskikte voetstuk op te rig. Die argitek Gerard Moerdijk se finale ontwerp is egter in Mei 1939 ontvang en goedgekeur.[95]

Intussen het die hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 plaasgevind. Die hoogtepunt van die fees was toe die 77-jarige mev. C.J. Scheepers, ‘n dogter van Christiaan en moeder van die skenker van die terrein, die hoeksteen met ‘n silwertroffel gelê het, wat deur die feeskomitee geskenk is.

Uitstekende geriewe vir die aanbied van volksfeeste is op die terrein aangebring en jaarliks op 10 Oktober en 16 Desember is groot byeenkomste daar gehou.[96]

In 2007, na ‘n radio-onderhoud op 5 November met die HUB van die VTM en die ES, genl. G. Opperman, versoek mnr Amedee Buchner van die Geloftefeeskomitee ‘n vergadering met die HUB[97] in ’n e-pos. Hy meld dat sy ouers sedert 1938 tot hulle afsterwe (1970’s) intens by die monument betrokke was – eers met die oprigting daarvan en daarna met die jaarlikse verrigtinge wat daar aangebied is.

Hoewel die monument in die distrik Alexandria geleë is, is dit op Kolrand opgerig, presies halfpad tussen die dorpe Alexandria en Paterson, sodat dit vir beide die gemeenskappe ewe toeganklik is. Die NG Gemeentes van die twee dorpe het die saak onder hulle vleuels ‘bedryf’, hoewel 'n komitee van sewe lede uit elke gemeenskap aan stuur van sake was. Die predikante was ex-officio deel daarvan.

In 1988 is groot fees gevier. Prof Gerrit Viljoen was die gasspreker en mnr Buchner het 'n gedenkboekie wat die geskiedenis oor 50 jaar uitbeeld, werklikheid laat word. Hy het die

[93] D.W. Kruger, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (III), p. 510.
[94] A.J.P. Opperman *in* M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66.
[95] A.J.P. Opperman *in* M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66.
[96] A.J.P. Opperman *in* M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66.
[97] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman Monument, E-pos: Mnr. A. Buchner, Geloftefeeskomiteelid aan genl. G. Opperman, 2007-11-05.

inligting ingesamel en professore Marius Swart, Otto Terblanche en Theo Rautenbach het dit saamgestel.

Sedertdien het hulle gereeld Geloftedag op die terrein gevier en nie in die twee kerke van die gemeentes nie. Daar is nog elke jaar 50 tot 70 besoekers vir die Geloftediens en 'n feesrede daarna. Relatief min plaaslike inwoners woon dit by en dit is meesal vakansiegangers van Boesmansriviermond, Boknes en Kanonbanke (Cannon Rocks). Die geleentheid is inmiddels verpolitiseer toe die bywoners van die geleentheid as konserwatief of 'regs' begin beskou is en tot die onbetrokkenheid van ander aanleiding gegee het.[98]

Mnr Buchner was van mening dat die monument se voortbestaan in die weegskaal is en dat hy dit pro-aktief wil red. Hy was beïndruk met Opperman se radio-onderhoud en die suksesse wat reeds deur die VTM behaal is en wou so spoedig moontlik 'n afspraak met Opperman reël.

Die ES wou konstruktief betrokke raak en reeds teen 2009 het die Direksie ten gunste van oorname van die terrein besluit, maar fondse vir die opmeet en oordrag van die terrein moes gevind word.[99] Daarmee het onderhandelinge tot stilstand gekom en in Februarie 2012 het mnr Buchner weer eens aan genl. Opperman geskryf waarin hy omverskoning vra vir die vertraging as gevolg van "... teenkanting teen die oorname van die Karel Landman Voortrekkermonument (KLVM) deur die ES." Die oorgrote meerderheid van die belanghebbendes het egter ingestem dat die ES oorweeg word en mnr Buchner het 'n memorandum aangestuur waarin die hele proses van besluitneming en die huidige stand van sake uiteengesit is.[100] Die hoofteenkanting teen die oorname van die ES het in 'n ope vergadering op 16 Desember 2009 duidelik geword: "... hoofsaaklik op grond van vrese dat die terrein wat nie alleen uit die besit van die plaaslike gemeenskap gestel wou word nie, ook aan die staat vervreem sou kon raak, omdat die ES direk of indirek gedeeltelik van staatsbefondsing afhanklik is en omdat die ES onwillig is / nie die vermoë het om vir die oordragkoste in te staan nie."[101] Dit was duidelik dat die komitee die VTM en die ES verwar het op grond van berigte oor Staatsbesnoeiing wat ook die sg. jaarlikse toekenning aan die Voortrekkermonument sou beïnvloed.

Weer eens het sake tot stilstand gekom, totdat mnr en mev Buchner die ES op 28 September 2012 besoek het en verduidelik het dat die Geloftefeeskomitee uiteindelik tot die ES se oorname van die terrein ingestem het. In 'n daaropvolgende skrywe aan mnr Buchner bevestig Opperman die volgende: Die ES sal die terrein oorneem met al die verbeterings daarop; oordrag van eiendom kan plaasvind; die oordragkoste sal tussen die ES en die

[98] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman-monument, E-pos: Mnr. A. Buchner – genl. G. Opperman, 2007-11-05
[99] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman-monument, E-pos: Genl. G. Opperman – mev. S. Buchner, 2009-10-30.
[100] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman-monument, E-pos: Mnr. A. Buchner – genl. G. Opperman, 2012-02-04.
[101] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman-monument, E-pos: Mnr. A. Buchner – genl. G. Opperman, 2012-02-04.

Geloftefeeskomitee gedeel word. Die riglyne vir diens op die beheerkomitee is ook aanvaar.[102]

Die ES se positiewe reaksie was veral gebaseer op die feit dat dit geblyk het dat die grond onvoorwaardelik aan die ES oorgedra sou word. Daar was egter ander eise wat die plaalike komitee gestel het waarvoor die ES nie kon instaan nie, o.a. die opstel van werkende sakeplanne, aanlê van elektrisiteit, ens.[103]

Groot Trek-verwante, ad hoc-bewaringsaksies

Die ES het die afgelope vyftien jaar met gemengde welslae by verskeie Groot Trek-verwante, ad hoc-bewaringsaksies betrokke geraak. Betrokkenheid het gewissel van bloot onderhandelings m.b.t. moontlike oorname van die bestuur van terreine, soos die Retiefplein in Port Elizabeth en die Retiefhuis op die plaas Mooimeisiesfontein in Riebeek-Oos, fasilitering van projekte soos die beveiliging en opgradering van die Voortrekkerbegraafplaas te Ohrigstad en die Voortrekkergrafte in Van der Hoffweg, Pretoria, tot raadgewing en die opstel van ’n bewaringsbestuursplan vir die Vegkopmonument en erfenisterrein by Heilbron in die Vrystaat. Een van die grootste suksesverhale was die herbegrafnis van Marthinus Oosthuyse, een van die helde van Bloukrans. Na talle klagtes oor die toestand van die begraafplaas naby Winterton, is hy op die familieplaas by Warden finaal te ruste gelê. Een van die grootste mislukkings was waarskynlik die ES se onvermoë om die Vrystaatse Provinsiale Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Ontspanning te oorreed om die Voortrekkermonument en Museum by Winburg te herstel en/of aan die plaaslike gemeenskap oor te dra.

[102] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman-monument, E-pos: Genl. G. Opperman – mnr A. Buchner, 2012-10-02.
[103] ESA, lêer nr. 9/7/4/1, Karel Landman-monument, E-pos: Genl. G. Opperman – mnr. A. Buchner, 2012-02-28.